LES 5: OORKOM JOU PROBLEME

(Dawid en Goliat)

Vegter

1. KERNGEDAGTE: CHOMP – Christus Help Ons Met Probleme

2. KERNVERS: 1 Samuel 18:14
Die Here was by Dawid

3. TEKS: 1 Samuel 17:1-50

4. HULPMIDDELS:

Storie en opvoering:
- Besempoppe (Voorbeeld aangeheg)
(Karakters: Goliat, Dawid, Saul)

Aktiwiteite:
- Papier & Kryte / Goliat prent
- Koevert & lang lint/tou vir elke kind
- Papier klippies uitgeknip (5 per kind)

Alternatiewe aktiwiteite:
- Swart koukie penne & Ballonne
- Dawid en Goliat werksblad

Huistoe gee:
- Chomp met kaartjie aan vir elke kind

5. INLEIDING:

Laat die kinders jou help om die langste en die kortste kind in die groep uit te kies. Laat hulle langs mekaar staan en verwys na die groot verskil tussen groot en klein.

6. STORIE: (Storie is op bl 13)

Gebruik besempoppe om die storie op te voer en betrek die res van die kinders by die storie deur gebruik te maak van die woorde en bewegings wat tydens die storie gebruik word.

Leser:	Kinders:
Dawid:	5 Wit klippies
Goliat:	Groot, groot, baie groot
Saul:	O Grote koning
Stap:	Klap hande 3x
Hardloop:	Klap hande 3x vinnig

7. TOEPASSING: 1 Samuel 18:14

Die Here was by Dawid – elke tree van die pad is God ook by jou.

Ons het die storie al baie gehoor, maar wat kan ons hieruit leer vandag? Die Here was by Dawid elke tree van die pad:

Toe Dawid die leeu en die beer moes doodmaak:
Die Here was by Dawid
Toe Dawid na sy broers toe moes gaan:
Die Here was by Dawid
Toe Dawid voor Koning Saul moes staan:
Die Here was by Dawid
Toe Dawid teen Goliat moes veg:
Die Here was by Dawid
En Dawid het ook al die eer aan God gegee en nie die eer vir homself geneem nie.

Wat is die reuse (moeilike dinge) in jou lewe wat jy moet oorkom?
Bv. Voel niemand hou van jou nie; ouers skei; doen nie goed op skool nie; iemand in jou familie is siek, ens.

8. AKTIWITEIT: GOLIAT PRENT

Laat kinders nou hul "reuse"/moeilike dinge in hul lewe, neerskryf op die skild van Goliat (prent aangeheg) / laat die kinders 'n Goliat teken en dan hul moeilike dinge in hul lewe op sy bors/skild skryf.

9. AKTIWITEIT: SAKKIE MET KLIPPIES

Gee vir elke kind 'n koevert en haak lint daardeur om dit om hulle middel te kan bind (opsioneel) . Knip die vyf wit klippies uit vir elke kind en dan kan die kinders dit in hulle koevert sakkies sit en dit by hulle dra.

Hulle kan nou hul klippies na hul Goliat prent met hul moeilike dinge gooi of hul klippies bo-oor die moeilike dinge plak.

10. ALTERNATIEWE AKTIWITEIT:

Kinders kan 'n ballon kry en hul moeilike goed in hul lewe daarop skryf en dan as die versie hardop gesê word, kan die kinders hul ballonne bars om te wys hoe hul met die Here se hulp hul probleme kan oorkom.

11. ALTERNATIEWE AKTIWITEIT:

Werksvel* van Dawid en Goliat. Soek die foute op die bladsy.

12. LIEDJIE:

Lied: Jan de Wet (Dawid en Goliat)

*Jumbo Bible activity book
ISBN 978-0-8254-7349-4

STORIE:

Die filistyne het bymekaargekom om teen die Isrealiete oorlog te maak. Koning Saul *(O grote Koning)* het die Israeliete aan die een kant van die vlakte laat kamp opslaan. Die beste vegter van die Filistyne, Goliat *(groot, groot baie groot)* het na die Israeliete toe gestap *(klap hande 3x)* om hulle te kom uitdaag, maar almal was te bang om teen hom te veg. Goliat *(groot, groot baie groot)* was amper 3 meter lank en sy wapens was baie groot. Hy het gesê dat as die Israeliete wen, dan sal die Filistyne hul slawe wees, maar as die Filistyne wen, moet die Israeliete die Filistyne se slawe wees. Saul *(O grote Koning)* en sy hele volk was baie bang.

Dawid *(5 wit klippies)* se pa het hom gestuur om na sy broers se gaan om vir hulle kos te vat. Dawid was gehoorsaam en het na sy broers toe gestap *(Klap hande 3x)*. Toe hy daar kom, was Goliat *(groot, groot baie groot)* weer besig om die Israeliete te spot. Dawid *(5 wit klippies)* kon nie glo dat hierdie ongelowige reus so spot met God se mense nie. Dawid *(5 wit klippies)* stap *(Klap hande 3x)* toe na Saul *(O grote Koning)* en sê vir hom hy sal teen hom veg. Saul *(O grote Koning)* was geskok en het gesê: Nee! Jy kan nie teen hom veg nie, hy sal jou doodmaak!

Dawid *(5 wit klippies)* het hom toe vertel van die beer en leeu wat hy al doodgemaak het met God se hulp en hy sal Goliat *(groot, groot baie groot)* ook kan wen met God se hulp.

Dawid *(5 wit klippies)* het eers probeer om Saul *(O grote Koning)* se wapenrusting aan te trek, maar dit was so swaar, hy kon nie eers daarin stap *(klap hande 3x)* nie. Hy het besluit om eerder daarsonder te veg teen Goliat *(groot, groot baie groot)*.

Dawid hardloop *(klap 3x vinning)* toe na 'n stroompie toe en tel 5 wit klippies op. Hy hardloop *(klap 3x vinnig)* met die 5 klippies in sy sak en sy slingervel na Goliat *(groot, groot baie groot)* toe.

Goliat *(groot, groot baie groot)* het gelag toe hy Dawid *(5 wit klippies)* voor hom sien staan. Hy het gedink hy gaan hom maklik wen en doodmaak. Maar Dawid *(5 wit klippies)* sê vir Goliat *(groot, groot baie groot)*: Jy kom na my toe mer 'n swaard en 'n spies, maar ek kom na jou toe in die naam van die Here – Hy sal my help om jou te wen!

Goliat *(groot, groot baie groot)* hardloop *(klap 3x vinnig)* op Dawid *(5 wit klippies)* af en Dawid *(5 wit klippies)* sit een van die klippies in sy slingervel, swaai dit om en om en daar trek die klippie en hy tref Goliat *(groot, groot baie groot)* hard teen die voorkop. Goliat *(groot, groot baie groot)* val vooroor, morsdood. Dawid *(5 wit klippies)* stap *(klap hande 3x)* na die reus toe, neem sy swaard en kap Goliat se kop af.

Dawid het gewen! Toe die Filistyne dit sien, het hul almal weggehardloop *(Klap 3x vinnig)*

So het God die Israeliete laat wen deur die Dawid te gebruik. Die Here was by Dawid.

13. HUIS TOE GEE: Chomps met 'n kaartjie met die volgende op geskryf:

Christus Help ons Met Probleme

Byldes vir les 5: Dawid en Goljat

Die 5 klippies vir die sakkies:
(vergroot na voorkeur)

1 Sam 18:14
Die Here was
by Dawid

1 Sam 18:14
Die Here was
by Dawid

1 Sam 18:14
Die Here was
by Dawid

1 Sam 18:14
Die Here was
by Dawid

1 Sam 18:14
Die Here was
by Dawid

Voorbeeld van Broom puppet
Hier is ongelukkig nie plek om al die "templates" in te sit nie. As jy belangstel in al die "templates" van hoe om broompuppets volledig te maak, kontak asb die Jeugkantoor. Hulle kan dit vir jou epos.

Goliat prent (vergroot na A4)

Skryf jou "reuse" / moeilike dinge in jou lewe in Goliat se skild, spies en lyf.

Dawid en Goliat werkvel - vergroot na A4